



Briewe van bemoediging  
aan 'n vriendin in 'n ver land.

Deur Rolene Celliers

© 2020

Eerste uitgawe 2020

Skrifaaanhalings uit die Bybel in Afrikaans  
1933/1953-vertaling.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Alle regte  
voorbehou.

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van die  
boek mag gereproduseer op enige manier  
sonder die skriftelike toestemming van die  
uitgewer nie.

## Opgedra aan

Ons Hemelse Vader wat die deure vir  
ons so vinnig en groot oopgemaak het  
dat ons sonder twyfel geweet het dit  
is die pad vir ons.

My gesin wat die avontuur met my  
deel.

Al my familie en vriende wat ons  
avontuur ondersteun, en saam met  
ons die opofferings maak oor tydsones  
heen.

Al die ander dames op dieselfde  
avontuur. Dis nie elke dag maklik nie,  
maar heeltemal die moeite werd.

## Voorwoord

Soveel mense op Facebook se eerste reaksie wanneer hulle visas goedgekeur word is lof en dank aan God vir die oop deure. Baie van ons het soveel leiding gekry met die besluit en beplanning dat ons glo dat dit van God af is. Dis 'n spanningsvolle proses en sluit baie tranes en ure op ons knieë in.

Dan begin die "vakansie-fase" waar ons van die vliegtuig af klim en alles mooi is en vir baie van ons word die vakansie na paar weke of maande skielik te lank en wil ons huis toe gaan. Dit was my ervaring.

Ander emosies wat ek vir maande  
ervaar het is die alleen, hartseer en  
onsekerheid oor alles anders is.  
Natuurlik was daar terselfdetyd ook  
die natuurskoon, veiligheid en  
lewenskwaliteit. Al die goeie dinge was  
bittersoet, want ons doen dit alleen en  
kan slegs 'n foto of video met ons  
hartsmense deel.

Dis hoekom ek hierdie briewe skryf:  
om myself en ander dames te  
bemoedig deur ons avontuur in die  
vreemde, ons nuwe begin.

## 1. 'n Hoopvolle toekoms

Liewe vriendin

Ek wil graag met jou gesels oor jou avontuur. Uit God se groot genade het hy vir jou 'n geleentheid gegee waarvan soveel ander mense droom. Al ons familie en vriende het ons besluit ondersteun, maar een opmerking van kritiek op 'n groep het sy letsel gelaat. Jy mag die nuwe avontuur geniet sonder om skuldig te voel of jou besluit te verduidelik en te verdedig.

God se gedagtes vir jou is van vrede en 'n hoopvolle toekoms (Jeremia 29:11).

Soveel deure het vir jou oopgegaan,  
dat jy nie kan twyfel aan die seisoen  
waar jy is nie. Geniet jou avontuur,  
verwelkom verandering, begin weer  
droom en blom waar jy geplant is.

*Dankie Here vir hierdie avontuur, 'n  
nuwe begin. Dankie dat U planne vir  
my 'n hoopvolle toekoms insluit.*

*Amen*

## 2. God is by jou en bly oor jou

Liewe vriendin

Mens raak soms oorweldig met alles wat anders is, dat jy in jouself begin twyfel. Nie net of jy dit kan doen nie, maar ook in wie jy is.

Sefanja herinner jou dat die Here by jou is. Het jy geweet Hy verheug Hom oor jou met blydschap en juig met 'n gejubel? (Sefanja 3:17).

Jy hoef dit nie alleen te doen nie, Hy is by jou. Ons doen dit ook nie uit ons eie krag nie. Paulus herinner ons dat dit Christus se krag is wat ons tot alles in staat stel (Filippense 4:13).



Raak stil en gaan soek wie God sê jy is. Sy Woord is vol beloftes.

*Dankie Here dat U by my is en bly is oor my. Help my om te onthou dat ek tot alles in staat is deur U krag, dieselfde krag wat Jesus uit die dood uit opgewek het.*

*Amen*

### 3. Maak tyd vir jouself

Liewe vriendin

Mens raak soms so besig om nes te skrop en vir almal om jou te sorg, dat dit maklik is om jouself in die dinge om jou te verloor.

Natuurlik groei en verander mens in verskillende omstandighede, maar dis nodig om ook stil te word en jouself te vind.

Wie is jy in hierdie nuwe avontuur?

Maak tyd vir jouself. Begin met 'n vinnige paar minute stilte voor die ander wakker word, 'n lekker borrelbad of 'n vinnige koppie koffie.

Ek weet mens se tyd is min, en ons word herinner om dit uit te koop (Efesiërs 5:16). Sit jou foon bietjie neer en haal 'n boek uit of skryf 'n brief.

Jou tyd is kosbaar, laat dit geld.

*Dankie Here dat ek ook belangrik is.  
Help my om die tyd uit te koop en myself ook 'n prioriteit te maak.*

*Amen*

## 4. Vind vreugde in vandag

Liewe vriendin

Hierdie brief is vir beroepsvrouens wat huismammas geword het.

Jy is meer as 'n mamma of vrou, en jou waarde onafhanklik van 'n skoon huis en wasgoed. Joyce Meyer praat so baie daarvan om die elke dag-dinge te geniet.

Doen wat jou hand vind om te doen en geniet dit (Prediker 9:10).

Mens weet nie wat die toekoms inhoud of hoe lank 'n seisoen is nie, maar dis belangrik om vreugde in vandag en elke dag te ervaar.

God het vandag gemaak, laat ons bly wees en juig (Psalm 118:24).

*Dankie vir elke dag, Here. Help my om vandag te doen wat ek kan en om elke oomblik daarvan te geniet.*

*Amen*

## 5. In 'n ander koninkryk

Liewe vriendin

Daar is dae wat mens tussen die boom en die bas voel. Jy is nie meer deel van die lewe in Suid-Afrika nie, maar ook nog nie ingepas in jou nuwe tuiste nie. Die realiteit is dat ons almal nie 100% gaan inpas en ons unieke identiteit en kultuur behou nie.

Hier vind ek troos om daaraan te dink dat ons nie aan die wêreld gelyk moet word nie (Romeine 12:2). Ons is koningskinders en verteenwoordigers van 'n ander koninkryk.

As ambassadeurs van ons Koning word ons hele wese geskaaf en geskuur, dat Sy lig deur ons skyn om God te verheerlik (Mattheus 5:16).

Vind troos daarin dat God se koninkryk oor tale, grense en kulture strek.

***Dankie Vader dat U koninkryk nie tot tyd en plek beperk is nie. Help ons om ook hier ons lig te skyn dat U Naam verheerlik kan word.***

***Amen***

## 6. Verlange na familie en vriende

Liewe vriendin

Party dae lê die verlange en seer swaar in mens se hart.

Moenie jou mense uitskuif omdat jy ver is nie, hulle is nogsteeds daar al sien julle mekaar minder. Hulle verlang ook en saam kan julle mekaar ondersteun.

Onthou ook dat God oor die tydsones is. Hy is altyd daar en slaap en sluimer nie (Psalm 121:4). Praat met Hom as jou hart swaar raak.

Vertrou God om mense oor jou pad te stuur om jou by te staan en reik uit



na hulle. Niemand kan jou familie en vriendskappe oor dekades vervang nie, maar Hy stuur vir jou 'n nuwe vriend(in) wat nader is as 'n broer/suster (Spreuke 18:24).

*Dankie Here dat ek altyd met U kan praat. Al is ek alleen in 'n tydsone is U saam met my hier. Dankie dat U mense op my pad stuur wanneer ek dit nodig het.*

*Amen*

## 7. Vrede in die rouproses

Liewe vriendin

Die aande is soms moeilik. As die wêreld stil en donker is, is die gedagtes helder en skree die onthou hard. Jy maak jou oë toe en sien jou ou huis of werk, drink koffie saam geliefdes en die trane is vlak.

Jy moet deur die rouproses gaan en van jou vorige lewe afskeid neem, ook van 'n deel van jouself. Eendag gaan God alles nuut maak en al ons trane afvee (Openbaring 21:4-5), maar tot dan moet ons ons vrede in Hom soek.

Deel jou las met Jesus, wie se juk sag  
is en kry jou rus by Hom (Mattheus  
11:28-30).

*Dankie Jesus dat U die Prins van  
Vrede is. Maak die storms stil en  
bring vrede in my onstuimige hart.*

*Amen*

## 8. Leiding in besluite

Liewe vriendin

Hier is soveel dinge om te besluit as mens 'n lewe van voor af begin. Die maklikste manier om inligting te kry is op Google, YouTube en Facebook, en dan is daar so wye verskeidenheid opinies.

Dawid verwys na die Woord as 'n lamp vir sy voet en lig vir sy pad (Psalms 119:105). Jesaja sê om met vreugde te gaan en deur vrede gelei te word (Jesaja 55:12).

Jy het so ver gekom, God gaan jou nie nou op jou eie los nie.

Maak jou vol met die Woord en laat die Gees van wysheid jou lei met vrede in al jou besluite.

*Dankie Heilige Gees dat U my met wysheid lei in my besluite. Dankie vir die Woord wat my pad belig en wys waar om te stap.*

*Amen*

## 9. God se liefde

Liewe vriendin

Vandag wil ek vir jou herinner aan God se liefde vir jou.

Hy het die wêreld so liefgehad en Sy Seun gestuur om vir elkeen wat in Hom glo die ewige lewe te gee (Johannes 3:15-16), maar Hy is ook lief vir jôú.

Al het alles om jou verander is God nog dieselfde, en Hy is lief vir jou.

Paulus skryf vir die Romeine dat niks ons van die liefde van God kan skei nie. Dink 'n oomblik daaraan. Niks kan jou van God se liefde skei nie (Romeine

8:38-39). Vir Efese skryf hy dat hulle die lengte, breedte, diepte en hoogte van Christus se liefde kan begryp, 'n liefde wat ons verstand te bowe gaan (Efesiërs 3:18-19).

Jy is geliefd. Die Skepper en God van die heelal is lief vir jou!

*Dankie Here vir U liefde. Ek kan nie eers begryp hoe ver en hoog en wyd en diep U liefde is nie, maar dank U daarvoor.*

*Amen*

## 10. Liefde vir mekaar

Liewe vriendin

Ook hier in jou nuwe plek moet jy jou naaste liefhê soos jouself, dit beteken natuurlik dat jy jouself ook moet liefhê.

Paulus gee vir ons 'n goeie beskrywing van liefde (1 Korinthiërs 13). Hy begin deur te sê dat die gawes van tale en profesie, die kennis en geloof is niks sonder liefde nie.

Ek wil jou seën met hierdie beskrywing van liefde.

Jy, vriendin, is lankmoedig en vriendelik. Jy is nie jaloes nie. Jy



praat nie groot nie. Jy is nie opgeblase nie. Jy handel nie onweloweglik nie. Jy soek nie jou eie belang nie. Jy word nie verbitterd nie. Jy reken die kwaad nie toe nie. Jy verbly jou nie oor die ongeregtheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Jy bedek alles, glo alles, hoop alles en verdra alles (1 Korinthiërs 13:4-8).

Mag dit vir jou so wees in jou nuwe avontuur.

***Dankie Here vir U volmaakte liefde.  
Help ons om mekaar lief te hê.***

***Amen***

## 11. Vertroue en finansies

Liewe vriendin

Vir meeste mense is so groot trek  
maar 'n duur storie en mens het baie  
opofferings in jou nuwe plek. Jou plek  
is dalk kleiner en jou uitgawes meer.

God ken jou hart en ook jou  
bekommernisse.

Dawid leer ons om ons vreugde in die  
Here te vind. Hy sal die begeertes van  
ons harte vir ons gee (Psalm 37:4-5).

Petrus se raad is om ons bekommernis op Hom te werp omdat Hy vir ons sorg (1 Petrus 5:7).

Mattheus sê ons moet bid om te ontvang. Ons Vader in die Hemel gee goeie dinge aan die wat bid (Mattheus 7:8-11).

*Dankie Here dat U vir die voëls in die hemel en die lelies in die veld sorg, en soveel meer vir my. Ek gee my bekommernis van finansies vir U, want U sorg vir ons.*

*Amen*

## 12. Spreek lewe

Liewe vriendin

Dis so maklik om soms te praat sonder om te dink, veral as mens bietjie alleen of moeg voel.

Volgens Salomo is lewe en dood in die mag van die tong (Spreuke 18:21). Jakobus beskryf die onbetembare tong as 'n vuur wat die hele liggaam besmet, vol dodelike gif (Jakobus 3:1-12).

Kom ons begin ons woorde tel en stilbly as ons nie iets mooi kan sê nie. Kom ons begin ons gedagtes sit op dit wat eerbaar, regverdig, rein, lieflik en loflik

is (Filippense 4:8), want ons gedagtes word ons woorde en dade.

Kom ons bou mekaar op en bemoedig mekaar (1 Thessalonicense 5:11).

Paulus vermaan ons om met psalms, lofsange en geestelike liedere te spreek, en tot eer van die Here te sing (Efesiërs 5:19).

*Dankie Here vir U Woord. U het die hemel en aarde geskep deur te praat. Help my om U woorde te spreek om ander op te bou en te bemoedig, woorde van lewe en seën.*

*Amen*

## 13. Gebed

Liewe vriendin

Die grootste geskenk wat jy vir jou geliefdes kan gee is gebed.

Jakobus vertel ons van die groot krag van die gebed van die regverdige (Jakobus 5:16).

Ons is genooi om met vrymoedigheid na die genadetroon te gaan dat ons genade kan vind en op die regte tyd gehelp kan word (Hebreërs 4:16).

Paulus sê ons moet bid sonder ophou (1 Thessalonicense 5:17).

As jy nie weet hoe om te begin nie,  
vertel God hoe wonderlik Hy is. Soek  
Sy Name in die Bybel en loof Hom vir  
wie Hy is. Dank God vir die seëninge in  
jou lewe. Dra jou mense aan Hom op;  
ek vra elke dag vir hulle beskerming,  
genesing en voorsiening. Onthou ook  
om stil te raak om Sy stem te hoor.

*Dankie Here dat ek met U kan gesels.  
Dankie dat U na my luister en  
antwoord. Dankie dat ek weet my  
gebede het groot krag.*

*Amen*

## 14. Geloof

Liewe vriendin

Dit vat baie geloof om alles op te pak en in 'n nuwe plek oor te begin:

Geloof in 'n goeie God wat deure oopmaak. Geloof in jou gesin en in jouself om te weet jy gaan dit laat werk.

Geloof. Daardie vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie (Hebreërs 11:1).

Mag ons saam die geloofshelde in die Bybel vashou aan God se beloftes,



want ons glo in 'n God by wie niks onmoontlik is nie (Lukas 1:37).

Jesus het met sy dissipels gepraat oor geloof soos 'n mosterdsaad (Mattheus 17:20). Mag jy jou mosterdsaad natlei uit die Woord en dit groei om berge te versit.

Mag jy glo dat God se plan vir jou perfek is en dat Hy die pad voor jou gelykmaak.

***Dankie Here dat U ons help om te glo.  
Help ons om te vertrou dat niks vir U  
onmoontlik is nie.***

***Amen***